

Lekker Lanorma!

GWK Aartappels



Beskrywing

Lanorma is 'n medium-kort groeier, met baie hoë opbrengste. Dit is ook wyd aangepas en doen veral goed op droëland-aanplantings. Knolle is rond-ovaal. Lanorma het 'n gladde, ligte roomkleur skil met 'n roomkleurige vleis. Die kultivar is uiters geskik vir die mark waar aartappels vooraf gepak word, omdat dit 'n besondere aantrekklike fluweelagtige skil het, met 'n unieke lekker smaak en vir 'n verskeidenheid disse gebruik kan word.

Verbruikersinligting / Kwaliteitseienskappe

Skilkleur	Ligte room	Knolvorm	Rond-ovaal
Skilafwerking	Glad	Knol-uniformiteit	Goed
Vleiskleur	Room	Ogie-diepte	Vlak
Droë-materie	Medium	Misvorming	Bestand

Kookeienskappe

Lanorma is uitstekend vir algehele gebruik. Dit werk in slaai, kapokaartappels (mash), gebakte aartappels, gebraaide aartappels, mikrogolfoond-gebruik en is die beste keuse vir skyfies wat tuis gemaak word.



KAPOK



BAK / BRAAI



SLAAI



MIKROGOLF



SKYFIES

Kweker-inligting

Poeierskurf	Matige weerstand	Knolroes	Matige weerstand
Bruinskurf	Goeie weerstand	Rolblad	Matige weerstand
Gangrene		PVY	Matige weerstand
Swartstam	Matige weerstand	PCN RO1	Bestand
Blaarroes	Matige weerstand		
Silverskurf	Bestand		

Agronomiese eienskappe

Dormansie	Lank	Groeityd	Medium-kort
Ogies	Vlak	Opbrengs	Hoog
Blomkleur	Wit		

Grond

Lanorma is hoogs aanpasbaar in verskillende grondsoorte.

Klimaat

Lanorma is goed aangepas in Suid-Afrikaanse toestande en doen veral goed op droëland-produksies vanweë sy verdraagsaamheid teen droogte- en hittetoestande sonder misvorming. Dié eienskap maak die kultivar veral aantreklik vir produsente wat uit boorgate besproei. Die kultivar is verder ook 'n goeie keuse vir besproeiingslande waar top-opbrengste behaal kan word.

Bemesting

Stikstof (N) bemesting:

Lanorma het 'n gemiddelde stikstofbehoefte. Lanorma groei vinnig, gebruik stikstof effektief en daarom is die toediening daarvan gewoonlik tien dae vroeër as die norm.

Fosfor (P) bemesting:

Word volgens grondontleding bepaal.

Kalium (K) bemesting:

Word volgens grondontleding bepaal. Moet verkieslik 1:1 wees met die N-bemesting.



Oes

Beste resultate sal verkry word wanneer Lanorma genoegsame tyd kry om sy skil te set. Wanneer dit in die somer geoes word, moet die kultivar +- 21 dae gegee word om sy skille behoorlik te laat set. Tydens winter-oestyd, sal die skille vinniger set weens die koue temperatuur. Rowwe hantering van onvolwasse knolle sal lei tot los skille en meganiese beskadiging.

Stoor

Lanorma het 'n lang dormansie en kan daarom goed en vir lank tydperke gestoor word. Dit is nie nodig om spuit-onderdrukkingsmiddels te gebruik nie.

Lekker Lanorma!

GWK Potatoes



Description

Lanorma is a medium-short grower, with very high yields. It is also widely adapted and especially suited to dryland conditions. Tubers are round-oval. Lanorma has a smooth, light cream-coloured skin with a cream-coloured flesh. The cultivar is extremely suitable for the pre-packaged market, as it has a particularly attractive velvety skin, with a unique taste and can be used for a variety of dishes.

Consumer information / Quality characteristics

Skin colour	Light cream	Tuber shape	Round oval
Peel finish	Smooth	Tuber uniformity	Well
Flesh colour	Cream	Eye-depth	Shallow
Dry matter	Medium	Malformation	Resistant

Cooking characteristics

Lanorma is excellent for overall use. It is ideal for use in salads, mash potatoes, baked potatoes, roasted potatoes, microwave oven use and is the best choice for homemade chips.



MASHED



BAKE/ROAST



SALAD



MICROWAVE



FRY/CHIPS

Grower information

Powdery scab	Moderate resistance	Tuber blight	Moderate resistance
Common scab	Good resistance	Potato Leafroll Virus(PLRV)	Moderate resistance
Gangrene		PVY	Moderate resistance
Blackleg	Moderate resistance	PCN RO1	Resistant
Leaf blight	Moderate resistance		
Silver scurf	Resistant		

Agronomic characteristics

Dormancy	Long	Growing time	Medium-short
Eyes	Shallow	Return	High
Flower colour	White		

Soil

Lanorma is highly adaptable in various types of soil

Climate

Lanorma is well adapted to South African conditions and performs particularly well on dryland production due to its tolerance to drought and heat conditions without malformation. This characteristic makes the cultivar particularly attractive to farmers that use boreholes for irrigation. The cultivar is also a good choice for irrigation lands producing top yields.

Fertilisation

Nitrogen (N) fertilisation:

Lanorma has an average nitrogen requirement. Lanorma is fast growing and uses nitrogen effectively. Therefore it can generally be applied ten days earlier than the norm.

Phosphorus (P) fertilisation:

Determined by soil analysis.

Potassium (K) fertilisation:

Determined by soil analysis. Should preferably be 1:1 with the N fertiliser.



Harvest

Best results will be obtained when Lanorma has sufficient time for skin-set. When harvested in summer, the cultivar should be given +/- 21 days for proper skin-set. During winter harvesting, the skins will set more quickly due to colder temperatures. Rough handling of immature tubers will lead to loose peels and mechanical damage.

Storage

Lanorma has a long dormancy and can therefore be stored for long periods. There is no need to apply sprout suppressants.

gwk.co.za   

